

## Die liefde stig

Migael Lombaard, Majuba 2012

Geagte volksvergadering

Ek gaan vanmôre 'n boodskap bring oor die liefde en wat die gevolg is van volmaakte liefde.

Baie van ons gewone mense hier, hoor soms 'n woord van kleins af en gebruik hierdie woord ruim in die konteks en omgewing waarin hierdie woord gehoor was, net soos 'n pappegaai wanneer 'n foon lui hoor hy daaropvolgende die woord hallo en sing dan sodra die foon lui ,hallo, sonder dat hy werklik die betekenis daarvan kan verstaan.

Ons gebruik ook baie woorde waarvan ons geensins die werklike betekenis daarvan verstaan nie. Ek het tot onlangs bv. die woord perspektief gebruik sonder om werklik te verstaan wat die woord beteken. Ek het toe nou die dag by mense gekuier en blootstelling gekry aan hulle stoute kinders, ek besef toe in opregte perspektief hoe soet my beste vriendin se kinders werklik is, ek het ook tesame met hierdie besef die werklike betekenis van die woord perspektief vir die eerste keer verstaan.

Ek wil u vandag meer perspektief gee oor die begrip die liefde.

Die woord liefde word so maklik en baie gebruik sonder dat ons werklik die betekenis daarvan verstaan,ek kan getuig dat die begrip liefde vir die eerste keer vir my werklik betekenis gekry het toe ek die inhoud van 1 Kor 6 v 12 tot 20 verstaan het. Ek lees dit vir u:

*Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie. Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam. En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie! Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees. Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom. Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.*

*(1Ko 6:12-20)*

Ek besef toe dat my liggaam is ook deel van julle liggame en is ons almal deel van ons Verlosser se liggaam daarom het ek n plig en is dit n voorreg om die opdrag soos in hierdie stuk in 1 Kor 6 na te kom.Ek hoef nie eers aan u te verduidelik dat hierdie beginsel wedersyds in die huwelik en ook in enige groeps verhouding van toepassing is nie. Ek moet

my liggaam rein hou vir doeleindes van die tempel. Alles wat ek doen en se moet die gevolg inhou om die liggaam en al die lede te bevoordeel, die nadeel is tot almal se ellende.

Ek kan vandag sover getuig dat die Liefde gevolg word met die eenheid wat die liggaam stig.

Die stigting van 'n volk wat aanvaarbaar is vir ons God is geensins moontlik nie, indien die volks- genote nie wedersyds die elemente van die liefde na ywer nie

Geen beskawing kon nog ooit sy bestaan verewig nie omrede die elemente van die Liefde nie volkome as 'n groep nagekom kon word nie. Ek verduidelik ook hierin dat die liefde en die 10 gebooi onlosmaaklik van mekaar is. Die begrip liefde in die woord is slegs bedoel vir bekeerlinge en kan nie geaktiveer word nie indien die gebooi nie aanvaar en nagekom word nie. Die woord liefde/Agape is slegs vir God se volk bedoel.

Die logika hierin is simplisties, omrede 'n groep nie in 'n eenheid kan funksioneer nie indien hulle nie die basiese van die basiese reëls nakom nie, bv. Koning Salomo wat die eerste gebod nie nagekom het nie deur hoogtes toe te laat vir sy by-vroue het die gevolg gehad dat Israel verdeel en verstrooi is. Nie een regerings vorm vandag voldoen aan die eerste gebod nie en daarom is almal en alles verdeeld en geen eenheid moontlik sonder die liefde nie.

U ken die gesegde van een vrot appel bv,.....

Ek lees Psalm 8 vir u waar Koning Dawid hom be-peins en verwonder oor waarom ons God die mens soos ek en jy so hoog ag bo Sy ander skeppings, en sal u na aanleiding van hierdie stuk oor die liefde besef dat ons geskep is om in die liefde eenvormig met ons Verlosser te word, sodat Hy met ons kan verenig Psalm 8:

*Vir die musiekleier; op die Gittiet. 'n Psalm van Dawid. (8:2) o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele. (8:3) Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak. (8:4) As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het— (8:5) wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? (8:6) U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. (8:7) U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: (8:8) skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, (8:9) die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see. (8:10) o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!*

*(Psa 8:1-9)*

Die liefde is 'n begrip wat bykans onverstaanbaar is, aan meeste mense.

Ons kan maar net gaan kyk na ons grootste digters en skrywers, liedjie skrywes, en sangers, wat meestal oor die liefde skryf, sing en bepeins – en tog nie regtig tot 'n feitlike gevolgtrekking kan kom nie, maar slegs verder hartseer en pyn ontloont oor die begrip.

Is die liefde 'n emosie of is die liefde 'n wetenskaplike feitlike samestelling van elemente soos byvoorbeeld die samestelling van die elemente van water.

Ek gaan vanoggend aan u illustreer dat 'n Godelikke, ordelike en harmoniese volks eenheid slegs moontlik is deur die elemente van die liefde te handhaaf. Hierdie liefdes verhouding is ook gefundeer in die begrip Agape. Die ander twee vorms van liefde eros en filidelfia is geensins in n Godelikke model perfek moontlik nie tensy die Agape fondament gele is.

Ek gaan ook aan u illustreer dat dit vir ons almal moontlik is om die volkome liefde te bereik en dat dit inderdaad ons doel en opdrag op aarde is.

Verder is dit ook uiters belangrik om die begrip liggaam te verstaan soos in die skrif verduidelik word en haal ek later n paar gepaste verse aan oor die eenheid van die liggaam, maar kan ek vir u eenvoudig uitwys dat indien 'n lid van ons liggaam soos bv 'n n vinger beseer word die ander lede van die liggaam onmiddelik reageer en die pyn **troos** deur die seer plek te vryf omrede 'n liggaam met al sy ledemate alreeds in 'n goddelike orde funksioneer.

Die liefde wat ons verenig, is egter 'n geestelike orde van 16 (sestien) elemente wat die liefde opmaak, net soos wat water uit 3 (drie) elemente bestaan bestaan die Liefde uit 16 elemente. Hierdie elemente moet almal saam gevoeg word om volmaakte liefde te kan bewerkstellig..

Die skrifgedeelte van vandag is 1 Kor 13 vanaf Vers 1 – 8 wat handel oor die uitnemendheid van die liefde. Hierdie skrif gedeelte handel oor die kern van die liefde. Die vertaling van hierdie liefde is die Agape en is dit dieselfde liefde waarna Paulus deurgaans na verwys in sy briewe aan die gemeentes en aan hulle verduidelik dat dit hierdie die liefde is wat stig.

Ek lees alvorens Joh 15 : 9-12 waarin ons Verlosser ook na hierdie selfde liefde verwys wat Agape heet.;

*Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. As julle my gebooi bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooi van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word. Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.*

*(Joh 15:9-12)*

So ook se ons Verlosser dat Hy die gebod van Sy Vader na ons toe bring – naamlik die liefde.

Hierdie liefde en ook die liefde wat Paulus deurgans van praat wanneer

hy sê die liefde stig – asook die liefde waarvan ons Verlosser en al die dissippels van skryf is een en dieselfde liefde die Agape, as dit wat volg:

1 Kor 13 : 1 – 8:

*Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.*

*(1Ko 13:1-8)*

U sal merk dat die liefde uit altesaam 16 (sestien) elemente bestaan.

Lankmoedig (be long spirited, objectively forebearing, subjectively, long suffering and patient)

Vriendelik (to show oneself useful, to act benevolently be kind, to act towards one in a given manner, useful in manne r and morals)

Nie jaloers nie (to have warmth or feeling for and against, have desire earnestly)

Praat nie groot nie (to boast or vaunt itself)

Nie opgeblase nie (to make proud, growth by germination or expansion)

Handel nie onweloweglik nie (unbecoming, shapeless, inelegant)

Soek nie sy eie belang nie (see knot your own, or the other person inclusive)

Word nie verbitterd nie (to sharpen alongside, that is easily provoked or stirred)

Reken die kwaad nie toe nie (bad, evil, harm, noisome and wicked).

Is nie bly oor die ongeregtheid nie (legal injustise, moral unrightfulness, wrong.)

Is bly saam met die waarheid (truth, true)

Dit bedek alles (roof over to cover, with silence endure patiently, bear and suffer)

Glo alles(to have faith,to entrust especially ones spiritual well being to Jahsua,believe put in trust)

Hoop alles(expect or confide,hope for trust and to anticipate with pleasure)

Verdra alles(to stay under undergo trials have fortitude perservere )

Die liefde vergaan nimmermeer(always everlasting)

16 (sestien) in die geestelike taal beteken wonder bo wonder ook die Goddelike karakter.Prys ons Vader....!!!!!!

Ek wil hier effens van die pad afdwaal en vir u herhinner dat die samestelling van water uit 3 (drie) elemente bestaan:

X 2 elemente van waterstof

X 1 element van suurstof

Die samevoeging van hierdie 3 (drie) elemente gee vir ons 'n reaksie wat water is.

Hierdie is 'n universiële beginsel dit sal altyd so wees, dit is 'n wetenskaplike feit die reaksie van die samevoeging van hierdie 3 elemente is water, anders gestel, die oorsaak van die voeging van hierdie 3 (drie) elemente is die gevolg van water.

Verstaan nou baie mooi:, dit is 'n proses van oorsaak en gevolg – aksie en reaksie. Die elemente saam gevoeg gee water.

Dit is nie moontlik om enigsins water te kry deur slegs 1 (een) element van waterstof by 1 (een) element suurstof toe voeg nie, of een te veel sal ook nie die korrekte gevolg gee nie.

Net so moet al die elemente van die liefde saam die oorsaak wees om gevolglik die liefde te kan aktiveer, dieselfde as enige ander stof moet al die elemente saam die oorsaak en gevolg wees, een ontbrekende element sal die gevolg dus verydel.

Hierdie Liefde wat nou geaktiveer is gee 'n verdere reaksie wat stig genoem word.

Kom ons kyk wat beteken die woord stig:

- 1 Om die bouer van n huis te wees
- 2 Om n konstruksie op te stel
- 3 Op te bou
- 4 Argitektuur
- 5 Struktuur

6 'n Huis letterlik of figuurlik n tempel.

U sal merk dat die vers vroeër in 1 Kor 6 verwys na ons liggame as tempels, in ander woorde moet ons, ons liggame stig, dit is ons doel en sonder die liefde is daar geen stigting moontlik nie.

Paulus verwys in die volgende verse na die liefde wat stig welke presies dieselfde betekenis het as die betekenis van stig vroeër: ons lees in:

1 Kor 8 : 1

*En met betrekking tot die offervleis aan die afgode weet ons dat ons almal kennis het. Die kennis maak opgeblase, maar die liefde stig.*

*(1Ko 8:1)*

1 Kor 10 : 23

*Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.*

*(1Ko 10:23)*

1 Kor 14 : 26

*Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.*

*(1Ko 14:26)*

Efes 4 : 12

*om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,*

*(Efs 4:12)*

Efes 4 : 16

*uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*

*(Efs 4:16)*

Efes 4 : 29

*Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.*

*(Efs 4:29)*

1 Tim 1 : 4

*en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is.*

*(1Ti 1:4)*

Ek stel dit dus aan u dat die gevolg van liefde stigting teweegbring.

Die gevolg wat liefde teweegbring is nie net soms of partymaal die gevolg nie NEE - die Liefde is 'n goddelike beginsel soos enige ander samestelling in die skepping is dit in Goddelike orde.

Die gevolg van die liefde is die sleutel tot die stigting van die liggaam wat die tempel is van die Heilige Gees.

Nou in 1 Kor 14 v 1, direk na 1 Kor 13 lees ons dat wanneer, ons die liefde najaag en beywer, ons geestelike gawes kan verwag. – Kyk wat is die gevolg van die Liefde ..... geestelike gawes ??? En hierdie gawes lei tot die stigting van die liggaam.

In die begin in Genesis – is die boom van die lewe verniet gegee – teenoor die boom van kennis van goed en kwaad wat die dood verseker. Nee, ons het tot vandag toe nog 'n keuse om die Liggaam te stig wat die Tempel is en wat lewe gee, daarom dat ons Verlosser se dat as 'n lid jou laat struikel kap hom af, want dit is beter om in die Koningryk in te gaan sonder daardie lid.....weereens verwys ek met my tong in my kies na die gesegde van een vrot appel .....

Ons Verlosser sê tereg dat Hy die gebod van Sy Vader, die Gebod van die liefde vir ons bring.

Ons kan slegs deur die liefde Sy geboorte bewaar, want Hy se tereg in Joh 15 : 10

*As julle my geboorte bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die geboorte van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word. Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.*

*(Joh 15:10-12)*

Ons Verlosser open as't ware die Nuwe Testament met Sy geboorte in die bergpredikasie. En hier weerklink onder andere Sy helder stem in 'n groot en sterk bewoorde gebod.

Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.

Kol 3:14

*En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.  
(Kol 3:14)*

Ons Vader noem homself die liefde om aan ons te toon dat hierin lê die volmaaktheid en die opdrag en die voorreg.

In 2 Kor 3 : 18

*En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.  
(2Ko 3:18)*

Is dit nie wonderlik dat dit ons God se verlossingsplan is dat ons gelykvormig moet word aan die beeld van Sy seun soos ons treffend lees in Rom 8 : 29  
*Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;  
(Rom 8:29)*

Ons opdrag is om soos ons Verlosser volmaak te word, deur die liefde, as sleutel tot die geboorte en die geboorte tot sleutel van die liefde vir die uitsluitelike doel om die Liggaam te stig.

Ons kan slegs in 'n perfekte goddelike orde funksioneer indien ons hierdie goddelike beginsel na jaag en beywer.

Eugene Marais in sy boek '*Die Siel van die Mier*' – breuk n miershoop oop en is verwonderd oor hierdie miertjies se goddelike orde in teenstelling met homself wat donker en vuil is, min het hy geweet, dat die sleutel tot hierdie bewonderde orde in die diereryk vir ons gefundeer is in die elemente van die liefde en ons in beheer is om die keuse uit te oefen.

Ons Voorvaders het met die slag van Bloedrivier hierdie basiese beginsels van die liefde toegepas, u kan gerus lees in Andries Pretorius se joernaal en is hier eksemplare daarvan te koop vandag: – waarby hulle in die laer n stel basiese reëls nagekom het wat die gevolg gehad het dat hulle almal vereenig was - bv, nooit vuil taal gebruik nie , nie terug gepraat het nie ,die range gerespekteer het, netjies en beleefd geleef het, alle opdragte flink uitgevoer het. Die joernaal meld ook dat daar n uiters sterk eenheid in die kamp was en weet ons by nou dat so 'n eenheid slegs moontlik kon wees deur die elemente van die liefde wat na gekom was.



Ek lees vir ons in Efes 4: vers 1- 5 en 14 - 16 en kan ek met trots se dat hierdie inhoud van Efessiers tereg daarop wys wat die gevolg van ons Voorvaders by bloedrivier se optrede was.

*Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof een doop,*  
(Efs 4:1-5)

*sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*

(Efs 4:14-16)

Die gevolg was uit en uit 'n stigting van 'n nuwe volk die Afrikaner, 'n nuwe taal Afrikaans, die argitektuur en oprigting van die Voortrekker Monument en die daarop volgende Stigting van die geestelike tempel liggaam wat tans in wording is.

Oom Siener se ook dat hy sien hoe die volk verenig met die 100 jarige viering van bloedrivier by die hoeksteen legging van die Voortrekker Monument in 1938. Ongelukkig is EN WORD die beginsel van die liefde in die verlede en hede verkeerd toegepas omrede liefde 'n stigting voorafgaan en nie omgekeerd nie.

Oom Siener se ook dat die Afrikaner se finale vryheidsstryd begin met n groot oorlog waarskynlik 'n wereld oorlog. Hy sien dit in die vorm van twee houte, een met penne en een met gate. 'n Rooi kielhouer wat van oorsee kom, gaan daaroor, dan steek die penne in die gate en die houte voeg so dat mens nie 'n naat kan sien nie. Dit is hoe die Afrikaner sal verenig. Ons kan sien dat met hierdie verduideliking van die kielhout is 'n eenheid soos hierbo genoem in liefde so heg is dat 'n mens nie eers die nate kan sien nie. Die gevolg die volk wat die liggaam is, is gestig.

Slot

In hierdie omgewing van Goddelike orde waarin ons woon is dit nie moontlik om enige iets te stig alvorens die elemente van die liefde nie nagekom word in 'n eenheid van 2 (twee) of meer mense nie...

Kies die lewe wat nie bestaan uit menslike gebooië nie, maar uit die gebooië van die liefde, wat nie bestaan uit menslike geformuleerde konstitusies wat die liefde en daaropvolgende werking van die Heilige Gees se salige en volle bekering bevries nie.

Amen